Jeremia as profeet

As jong priester word Jeremia tot profeet geroep (Jer. 1:5). Hy moet die volk waarsku dat hulle op die verkeerde pad is en dat God hulle oor hulle afgodery en sonde gaan straf. Onder die konings Josia, Joahas, Jojakim, Jojagim en Sedekia moet hy telkens sien hoe regeerders probeer om Juda op 'n politieke koers tussen die groot wêreldmagte van Babilonië en Egipte deur te stuur. En sy waarskuwings dat dit 'n fout is, dat die mense hulle tot God moet bekeer en dat hulle hulself aan Nebukadneser moet onderwerp, val op dowe ore. Die mense was oortuig daarvan dat God in die tempel in Jerusalem woon, en die stad ongeag hulle optrede nooit sou prysgee nie. Daarom rebelleer eers Jojakim en later Sedekia teen die Babiloniërs se oorheersing. Hulle kon nie voorsien dat God die koninkryk wat hulle so op prys stel, op die rotse sou laat loop nie – tot dit wel gebeur het: die stad en sy pragtige tempel is verwoes en 'n groot deel van die inwoners is in ballingskap weggevoer.

Jeremia 18:1-12 is deel van die waarskuwingsboodskappe wat God deur Jeremia aan die mense van Juda gee in die regeringstyd van koning Jojakim.

Jeremia 18:1-12: Jeremia die kunstenaar

Die bekende teoloog en pastor, Eugene Peterson (1932-2018) het die volgende geskryf: *"The artist shows us what happens before it happens. The artist has eyes to connect the visible and the invisible and the skill to show us complete what we in our inattentive distraction see only in bits and pieces."*

In hierdie boodskap van Jeremia aan die volk, doen hy presies dít: hy bring die boodskap van God op tasbare wyse aan die volk deur die beeld te gebruik van 'n pottebakker wat besig is om klei op 'n pottebakkerswiel te vorm. Deur sy kunstige verbeelding maak hy die lesers attent op die realiteit van God wat ons hele bestaan deurtrek, wys hy aan ons hoe ons lewens van buite af lyk, en nooi hy ons uit om op te let – nie net na ons eie doen en late nie, maar ook waarmee God in die wêreld en in onsself besig is.

Jeremia dra hierdie boodskap oor deur die lesers saam met hom na die

pottebakkershuis te neem (Jer. 18: 3) – 'n plek wat in daardie tyd sekerlik as die toonbeeld van alledaags beskryf kan word. Hier, deur sy kunstenaarsverbeelding, lei hy ons om met ander oë na die alledaagse handeling van 'n pottebakker wat besig is om 'n kleikruik te vorm, te kyk.

Kleikruike en 'n rewolusie

Die uitvindsel van kruike word dikwels beskryf as 'n ontdekking wat 'n rewolusie aan die gang gesit het: voor die kuns van pottebakkery beoefen is, was daar slegs nomadiese stamme wat van een voedsel-en-waterbron na die volgende getrek het. Pottebakkery het dit egter moontlik gemaak om iets te stoor en te dra en mense kon vervolgens langer op een plek bly. Pottebakkery het dus 'n hele nuwe era in die geskiedenis van die mens ingelei wat volgens geskiedenis boeke "Die Neolitiese Tyd" genoem word.

Bruikbaar én mooi

In die tyd van Jeremia was 'n kleipot nooit nét 'n kleipot nie – elke kleipot was ook 'n kunswerk. Pottebakkery was altyd aan die verander soos wat pottebakkers nuwe vorms en proporsies van kruike geskep het. Kleikruike is daarom nie nét nuttig nie, dit het ook 'n sekere skoonheid bevat. Op kunstige wyse word dit ontwerp, gevorm, geverf, geglasuur en gebak. Dit was van die mees funksionele items in die alledaagse lewe van Israel, maar ook van die mooiste. Jeremia het sy ganse lewe al pottebakkers wat aan die werk is, gesien, maar vandag sien hy iets anders – sien hy God wat besig is om met sy mense te werk; mense wat in die beeld van God geskep word. Noodsaaklik, maar nie nét noodsaaklik nie – elkeen ook mooi. En mooi, maar ook nie nét mooi nie – elkeen ook noodsaaklik. Daar is nie een mens wat nie 'n rol speel in God se plan nie, en daar is nie een mens wat nie uniek is nie. Dít is wat Jeremia in die pottebakkershuis sien: 'n ongevormde, lompe stuk klei, wat deur die hande van die pottebakker 'n besonderse vorm aanneem om op verskillende maniere bruikbaar te wees. God vorm ons vir sy ewige plan: die stof *waaruit* ons gemaak is en die beeld van God *waarin* ons gemaak word, is deel van hierdie selfde plan.

Die kleiwerk misluk

"Maar dan misluk die ding waaraan die pottebakker aan die maak was uit die klei" (Jer. 18:4). Jeremia weet dat skepsels soms misluk – hy het net ander woorde daarvoor gebruik: woorde soos "sonde" en "rebellie." Maar nou span ook hy ook hierdie treffende beeld hiervoor in.

Jeremia hou aan om die pottebakker dop te hou. Wat gaan die pottebakker nou doen? Gaan hy die wiel uit frustrasie omskop en wegloop? Gaan hy die stuk klei optel en in die asblik smyt? Nee. Die pottebakker het eenvoudig van vooraf begin en dieselfde klei gebruik om 'n ander pot te maak. God knie en trek en druk; die kreatiewe proses begin geduldig weer. God gee nie op nie. God gooi nie dít weg wat misluk het nie.

'n Hoopvolle waarskuwing

In Jeremia 18: 6 is God dan aan die woord: "Is Ek nie in staat om soos hierdie pottebakker met julle te maak nie, huis van Israel?" Woorde wat hoopvol is, maar terselfdertyd 'n diep waarskuwing bevat – die klei kan die pottebakker frustreer en hom van plan laat verander. Die volk se hardkoppigheid en ongeloof het tot gevolg dat hulle swaarkry en lyding 'n klimaks bereik in die val van Jerusalem en die Babiloniese ballingskap, maar nooit word hulle deur God weggedoen nie. God werk steeds met sy klei; Hy vorm steeds sy volk.

Die klei benodig leiding om in iets bruikbaar en mooi omskep te word. Ons hoef nooit aan die Pottebakker se vermoë

en geduld te twyfel nie. Die vraag is of ons soos pottebakkersklei in sy hande wil wees of nie.

Ons as die klei

Die lewe van geloof sluit ook ons fisiese bestaan in. Om ‘n gelowige te wees is in baie opsigte ‘n saak van die vlees – van plek en tyd en dinge. Dit beteken om op die pottebakker se wiel geplaas te word en daar gevorm te word – met alles wat ons is en alles wat ons het, en om daar omskep te word in iets nuttigs en mooi. En wanneer ons nie nuttig of mooi is nie, word ons herskep en hervorm – en selfs al is dit pynlik, is dit altyd die moeite werd. Jeremia se pottebakker wys ons wie en wat ons word wanneer ons onsself ten volle aan ons kreatiewe en genadige God oorgee. Ons lewens word dan dié kruike wat ‘n rewolusie moontlik maak...

Klei – Koos van der Merwe

dis u heer
wat my lot bepaal
u is die outeur
van my verhaal
u ken my dae
en my gedagtes
u ken my vrae
begeertes
klagtes
skepperheer
ek is klei
kom beheer
die stof in my